OU LÜCKHOFF ADVIESRAAD

So lyk die Ou Lückhoff Adviesraad wat onlangs gekonstitueer is om ‘n formele kanaal te skep vir gemeenskapsinspraak in die bestuur van die ou Lückhoff Skool in Banhoekweg. Die Adviesraad het gisteraand vir die eerste keer ontmoet na ‘n proses van konsultasie wat oor ‘n lang tydperk gestrek het.

Die Adviesraad sal:

- beleid ontwikkel en uitvoer tov die okkupasie van die Lückhoff Skool-gebou in Banhoekweg deur bestaande en potensiële huurders;
- verantwoordelik wees vir aksies wat sal lei tot die bewaring van die erfenis van Lückhoff Skool;
- verantwoordelik wees vir aksies wat sal lei tot die effektiewe bemarking en profilering van die erfenis van Lückhoff Skool;
- verantwoordelik wees vir aksies wat sal lei tot die optimale toegang tot en benutting van die gebou deur plaaslike gemeenskapsgroepe; en
- advies verskaf aan die US tov die fasiliteitsbestuur en instandhouding van die gebou.

Prof Julian Smith, Viserektor: Gemeenskapsinteraksie en Personeel aan die US, is die voorsitter van die Adviesraad. Mnr Clive Hendrickse, skoolhoof van Lückhoff Sekondêre Skool, is as ondervoorsitter verkies.

Die Adviesraad het gisteraand besluit dat enige ruimte wat vry raak in die gebou geadverteer sal word in die plaaslike media sodat alle gemeenskapsorganisasies ‘n gelyke kans sal hê. Die advertensie sal vergesel word deur die kriteria vir verhuring wat eersdaags deur die Adviesraad goedgekeur sal word.

Die prosedure vir die huur van lokale vir vergaderings deur plaaslike gemeenskapsorganisasies en die tariewe verbonde daaraan sal ook op deursigtige wyse gekommunikeer word in die plaaslike media.

Prof Smith visualiseer ‘n “dinamiese, lewendige gemeenskapssentrum waar almal welkom is en waar veral jongmense inspirasie vir hul toekoms sal kry”. "Met hierdie eerste vergadering is nog 'n mylpaal en 'n nuwe fase bereik."

Lede van die publiek wat aanbevelings en idees het vir die Adviesraad word genooi om met enigeen van die lede in verbinding te tree. Enige ander navrae in verband met die Ou Lückhoff Adviesraad kan gerig word aan dr Jerome Slamat by (021) 808-3639 of jaslamat@sun.ac.za.